Oudleerling-Nuusbrief Old Girls' Newsletter

FROM THE CHAIRLADY

Liewe Oud-Larries
Ons nooi julle weer vriendelik uit na ons jaarlikse tee. Ons beplan weer `n heerlike samekoms met heelwat reünies, maar ook baie ander oudleerders wat kom saamkuier. Verlede jaar was dit so lekker, dat ek ná die tyd `n paar briewe gekry het van mense wat spyt was dat hulle nie daar was nie.

Datum: Saterdag, 24 September 2016
Plek : Skoolsaal om 9:30 vm
Koste: R40.00 betaalbaar by tafel
R.S.V.P. Die skool by 021 872 4367 of Josephine 021 869 8004, of e-pos by jmspies45@gmail.com

A friendly request: Please send us your email address if you have received this news letter by post. Posting letters is pricey and unreliable.

Donations are very welcome and will be most appreciated. Banking details: En Avant Trust, Nedbank, Branch Code 198765, Account Number 1019379723. Skenkings is belasting-aftrekbaar. (Inligting by skool beskikbaar)

Jaar	Kontakpersoon	Kontakbesonderhede
1956	Arina Serdyn Miemie Coetzee (Muller)	021 946 3421, 082 395 9220 021 872 7943
1966	Elizma de Lange (Rossouw)	028 384 1963; 082 511 2743 swerwer@telkomsa.net
1976	Estelle van Dyk (Verster)	028 423 3308; 076 274 1767 evandyk1958@gmail.com
1986	Elzebeth Coldrey Erasmus Joanne ISchmidt) Muller	022 931 2466; 083 743 1047 elsebethcoldrey@gmail.com 022 482 8070 joanne.muller@kaapagri.co.za
1996	Tania Rossouw (van der Sluys)	072 734 6440 tania@vdsp.co.za
2006	Anna-Mart Minnaar	084 228 0602 annamartminnaar@gmail.com

Lees lekker oor al die prestasies. Besoek ook ons *Facebook*-blad. (La Rochelleghs/hms)

Larriegroete,
Josephine

UIT DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Beste Oud-Larries

Dit is weer tyd dat ons op 24 September 2016 in persoon ontmoet, of deur middel van hierdie skrywe, tyd saam spandeer! Baie dankie vir al die positiewe kommentaar wat ons met persoonlike skrywes, telefoniese boodskappe en "Facebook"-inskrywings ontvang. Dit bly 'n voorreg om hierdie verbintenis lewendig te hou. Vergun my om 'n paar nuusgebeure met u te deel:

Die 111 matrieks van 2015 het ons weer trots gemaak met hul 100% slaagsyfer en klasgemiddeld van 75,7%. Verder het 'n rekordgroep van 105 (94,6%) toelating tot 'n Baccalaureus-graad gekry en 40 kandidate het 'n A-gemiddeld behaal. Die Dux-leerder, Jette Kirsten, het 'n gemiddeld van 95% behaal met 8 vakonderskeidings. Sy is ook genooi na die WKOD Prysuitdeling vir Top-kandidate.

Atletiek bly steeds een van ons vlagskepe, en ons het vanjaar die 4 Meisie Interskole (La Rochelle, Bloemhof, HMS, Rhenish) met 'n rekordtotaal gewen! Die Atletiekspan is ook in November 2015 as Drakenstein Munisipaliteit se top-sportspan aangewys en het ook as wenner uit die stryd getree by die Wes-Kaap Regering: Kultuursake en Sport se Spoggeleentheid in die Cape Sun Hotel op 11 Maart. Later vanjaar verteenwoordig ons die Wes-Kaap by die Nasionale Toekennings.

Ons het weer die Nasionale *All Girls' Festival*, vanjaar aangebied deur Durban GHS, bygewoon en dit terdeë geniet. Die Toerisme-vakgroep, onder leiding van mev Antoinette Kramer en me Nadene van Aswegen, het 'n toer deur Wes-Europa tydens die Junie-vakansie meegemaak.

Op kultuurgebied het die Skoolkoor skitterend gevaar en was in die finale rondte van die ATKV se Applous-kompetisie. Daar het hul goud (85,7%) verower en die Meisie-afdeling vir Hoërskole gewen. Hulle aanbieding van 'n Afrika-lied (*Emarabi*) is ook as die beste aangewys. By die SAIIA Quiz het ons 'n skitterende tweede plek (uit 50 skole) in dié algemene kennis-kompetisie behaal. Verder neem vier debatspanne tans as lede van die Bolandspan aan die Wes-Kaapse Kampioenskappe deel. Elouise Lourens

(Gr. 10) is vanjaar as die Top Junior in die land se Taalbond Tweetaligheidseksamen aangewys.

Ons is trots op die talle dogters wat op provinsiale, sowel as nasionale vlak aan die volgende aktiwiteite deelgeneem het: atletiek, hokkie, netbal, landloop, jukskei, hengel, krieket, tennis, swem, boogskiet, gimnastiek, onderwater-hokkie, perdry, dans, judo, lewensredding, skopboks, aksie-netbal, kano, muurbal, ballet, Ierse danse. Dit getuig van gebalanseerde deelname.

In La Rochelle streef ons steeds daarna om vir elke leerder 'n geleentheid te gee om te blom! Dit bly ook 'n prioriteit om 'n klimaat te skep waar ons almal in 'n omgewing van Liefde, Aanvaarding en Respek kan opereer. Ek sien daagliks die omgee en harde werk van onderwysers wat die ekstra myl loop. Hul lojaliteit, samewerking en deeglike vakkennis bly 'n bonus vir die skool. Saam met professionele ondersteuning van die koshuis- en die skool se administratiewe personeel, vorm ons 'n span duisend!

Dus: geniet wat u lees en wat u van La Rochelle hoor; vertel dit oor aan familie en vriende. Saam met u vorm ons hierdie kosbare Larrie-ketting wat steeds vir 156 jaar deur talle gekoester word.

EN AVANT!

Amanda Lochner

NUUS VAN EN OOR OUDLEERLINGE / NEWS FROM AND ABOUT OLD GIRLS

In Memoriam

Ons eer die nagedagtenis van die volgende oudleerlinge wat oorlede is en betoon meegevoel aan hulle familie en vriende en ook aan oudleerlinge wat geliefdes verloor het:

Miemie Meiring [Janse van Rensburg 1939] is verlede jaar oorlede. Sy is in Van Wyksdorp gebore en het haar hoërskooljare by La Rochelle deurgebring. In Johannesburg trou sy met James Swift en drie kinders word uit die huwelik gebore. Sy werk eers as tikster by 'n bekende firma in Johannesburg en later as administrateur by 'n tandartspraktyk. Na haar man se dood, trou sy met Mike Meiring en na sy afsterwe, vestig sy haar in Serenitas in die Strand. Miemie was bekend as iemand wat kon kook, brei, blomme rangskik en was glo 'n goeie danser. Miemie se kleindogter, Megan Tighy, was ook 'n leerling aan La Rochelle en haar dogter is tans 'n trustee van die La Rochelle Trust.

Elna Hugo [Dippenaar 1942] se man is onlangs oorlede. Hulle was vir jare predikantspaar van die Paarlvallei-gemeente en het die laaste paar jaar in 'n ouetehuis in die Paarl gewoon.

Clarice Anderson [Van Pletsen 1948], a member and later Chairperson of the Old Girls' Union passed away in November last year. Clarice was born at Maclear in the Eastern Cape. She attended La Rochelle and after Matric, she obtained an Intensive Commercial Certificate at the East London Technical College. From her first marriage, two sons and a daughter were born. After her husband's death, she moved to Port Elizabeth and was employed in the Administrative Office at the university. Clarice founded the Women's Hockey Club and as Secretary of the South African University Hockey Association served on the Executive of the South African Women's Hockey Association. She moved to Cape Town and while working at the University of Cape Town, she met and married Geoff Anderson. Cathy, their only child, also attended La Rochelle. In Paarl Clarice served the school and community in various capacities and when she retired in 2002, we lost a loyal and enthusiastic past pupil. She and Geoff stayed in Newlands and Arabella near Kleinmond after his retirement.

Ander oudleerlinge wat oorlede is, is **Renie Kleynhans** [Benade 1948], **Marie Hauman** [Moller], **Petrusa Marais** en **Joyce Botes** [Van der Spuy 1943] van Douglas, **Doreen Fleming, Stephanie Markham** [Van der Merwe] en **Nola Wolfwaardt**. **Elaine Moolman** [Visser 1948] en haar man was predikantspaar in verskeie gemeentes voordat hulle in Somerset-Wes afgetree het. Sy is ook onlangs oorlede.

Anne-Hilde Bezuidenhout [Andersen, Hoofdogter 1974] en haar gesin het 'n seun verloor in 'n bergklimongeluk teen Leeukop in Kaapstad. Hulle dogter, Eugenie-Lien [2002] was ook op La Rochelle.

Nuus van Oud-leerlinge

Wilna Rabe, wat etlike jare musiekonderwyseres aan ons skool was, het selfs nadat sy uit die beroep getree het, ons koor nog enkele jare afgerig. Sy en haar oorlede man het enkele jare geboer. Toe sy eenkeer van 'n oorsese reis teruggekeer het, het haar man haar meegedeel dat hy 'n ou hotel by Simondium gekoop het. Hulle het dit verander in die gewilde *Simondium Country Lodge*. Na haar man se dood, het sy voortgegaan met die onderneming. Met die hulp van haar dogter, Hanneke, ook 'n oud-Larrie, bied hulle dikwels onthale aan, veral huweliksonthale. Sy het onlangs in 'n TV-program opgetree en vertel dat sy reeds van ongeveer sesjarige ouderdom in oudhede belangstel. Sy het 'n groot versameling oudhede en kan tereg as 'n kenner van oudhede beskou word.

Mev. **Johlene Reynolds** [De Villiers] wat as mej. McLachlan, Natuur- en Skeikunde onderrig het en ook Departementshoof was, is etlike jare na haar man se dood, weer getroud met 'n boer en hulle woon 70 km van Beaufort-Wes. Haar oudleerlinge sal verbaas wees om te hoor dat sy die nuwe uitdaging as boervrou geniet.

Beverly Moll [Weiss 1972], Music teacher at La Rochelle for many years, retired at the end of the second term. She was an inspiration for many girls and will

always be associated with the teaching of the recorder, the orchestra and many music productions.

Lida Botha het onlangs 'n Fiësta-toekenning vir haar lewenswerk as aktrise ontvang. Na Matriek het sy 'n graad in Drama aan die Universiteit van Kaapstad behaal. Sy het later na Engeland gegaan, waar sy 'n non geword het. Sy het egter later besef dat sy nie die res van haar lewe as non wil deurbring nie. Sy het na Suid-Afrika teruggekeer, waar sy 'n tyd by 'n sendingstasie naby Kuruman gewerk het. Nadat sy finaal afstand gedoen het van haar status as non, het sy 'n diplomakursus gevolg wat gelei het tot haar ontmoeting met haar man, Johan, ook 'n akteur. Hy was pas aangestel as Hoof van SWARUK, 'n Dramadepartement in die destydse Suidwes-Afrika, en sy is saam met hom daarheen. In 1973 is sy as permanente akteur aangestel. Sy en haar man het na Suid-Afrika teruggekeer en in die dekades daarna het sy met groot sukses talle verhoog-, televisie- en rolprentrolle vertolk. Elke rol is vir haar nuut en aan elkeen gee sy ewe veel aandag.

Louise Smit het, nadat sy haar skoolloopbaan aan ons skool voltooi het, ook aan die Onderwyskollege Paarl en die Universiteit van Stellenbosch gestudeer. Daarna is sy na Malawi waar sy hoofsaaklik kinderwerk gedoen het. Terug in Suid-Afrika, het sy 'n pos by die Johannesburgse Stadskouburg se poppeteater aanvaar. Sy is daarna as TV-regisseur van kinderprogramme by die SAUK aangestel. Haar eerste programme, *Wielie Walie* en *Haasdas se Nuuskas,* was treffers. Sy het ook programme in Xhosa, Zoeloe, Sotho, Pedi, Tswane en Engels geskep. Sy het in 1980 haar eie TV-teater gebou en dit 20 jaar later aan *Red Pepper Produksies* verkoop. Sy het meer as 6000 kinderprogramme en talle kinderboeke die lig laat sien, maar sy wil nog altyd vir kinders iets skep! Sy is nou 75 jaar oud, maar voel asof sy in die lente van haar lewe is en nou eers begin bot!

Suna Ferreira [Coetzee 1974] wat een van ons beste atlete was, moes haar man en twee seuns aan die dood afstaan. Sy het nog drie volwasse seuns wat goeie betrekkings beklee en haar baie vreugde verskaf. Sy is steeds geinteresseerd in Atletiek en gee afrigting aan persone wat liggaamlike en geestelike ondersteuning nodig het.

Olma van der Merwe [Walters 1976] is 'n boervrou in die Breëriviervallei. Hulle boer met wyndruiwe [hulle noem dit blykbaar *bankrotbossies]*, nektariens en pruimedante. Sy en haar man het drie dogters en 'n seun, wat na sy BSc-graad, sy pa bystaan. Olma verlang terug na haar dae op La Rochelle en wonder wat van die Matrieks van 1976 geword het.

'n Nuwe boek vol van die avonture van die here, Asterix en Obelix, is in Frankryk uitgereik en in Oktober sal ons die Afrikaanse vertaling hier te siene kry. Die Afrikaanse vertaler, **Sonya van Schalkwyk-Barrios** [1985] woon en werk in

Frankryk en volgens haar werk hulle al maande lank aan *Asterix en die Verlore Papirusrol.* Sy het al 12 *Asterix*-boeke vertaal en volgende jaar gaan nog drie die lig sien. Asterix gaan blykbaar Olimpiese Spele toe, want dit is die titel van een van die boeke! Hoop hy het goud losgeslaan!

Dedri en Lindi Prinsloo [1988] is lede van die SA Senior Tennisspan en het in Mei in Kroasië aan die Wêreld-Spankompetisie gaan deelneem. Hulle tydgenote sal onthou hoe hard die tweeling 'n hokkiebal kon slaan. Nou is dit 'n tennisbal.

Alzette Mocke [Prins 1988] is een van die illustreerders van die boek, *Pikkies en Peuters*. Sy het ook die illustrasies van die boek *Maria en Braam* gedoen en was een van die aanbieders by die Christelike Aventura Toekennings.

Matildie Thom-Wium [2000] wat in 2013 haar musikologie Phd [Cum Laude] aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het, is nou programbestuurder en senior lektor in teoretiese musiekvakke aan die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein. Sy is ook medewerker aan die *Music in London 1800-1851*-projek, wat deur die Europese navorsingsraad befonds word by Keys College in Londen. Sy kry ook nog tyd vir optredes en sing vanjaar, begelei deur Uwe Grosser, op Oudtshoorn by die Klein Karoo Klassieke Musiekfees.

Lizette Murray [Vlotman 1970] het ook ses rympies in *Pikkies en Peuters* geskryf.

Jocelyn Hellig [2002 Headgirl and Dux] qualified as a physician. She always told the girls to wear sunblock!

Ingrid Hall [2005] exhibits at Stellenbosch at the *Kamers vol Geskenke* as well as in Hermanus showing *Hermanus through Ingrid Hall's lens by Charl.*

Maryke van der Walt [Thom 2006] het haar PhD in Natuurwetenskappe aan die Universiteit van Missouri verwerf en is tans Assistent Professor in Wiskunde aan die Vanderbilt Universiteit in Nashville Tennessee, VSA.

Mariechen le Roux [2007] wat tans op die skool se personeel is, is getroud en word nou as mev. Vermeulen aangespreek.

Hazel Scrimgeour [2007] featured in *Glamour Girls* Magazine with her fabulous scarves and her on-line shop.

Yolandi Schreuder [2007] studied at the Cape Peninsula University of Technology and is now the co-director of XYZ. She was chosen as die World Industrial Design Day Youth Ambassador.

Elizabeth Moll [2007] was appointed Junior Librarian at the Law Library at UCT.

Melanie [2005] and **Tania** [2007] **Nieuwoudt** are making waves, or rather *froth*, in the beer brewing world. After growing up on the family farm in the Cederberg, Melanie obtained a PhD in Food Science, and Tania a Masters in Logistics Management at Stellenbosch University. In 2013 they started *Ceder Brew Craft*

Brewery on the farm. A year later, their *Chubby Head Stout* made the Top 10 in the South African National Craft Brewers Championship, and last year it took gold at the South African National Beer Trophy. The name was later changed to *Nieuw Beer Craft Brewery*. They describe their product as more gentle, elegant and *perfumy*. Two past pupils of La Rochelle brewing beer! Can you believe it?

Nicky Albertyn [2008], making a name for herself as food stylist, featured in *House and Home Leisure Magazine*.

Elmien Van Tonder [Thom 2009] het haar M.Com [Cum Laude] aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf en werk nou as programmeerder by *Computer Science Corporation* in Kaapstad.

Susan Bothma [2009] het haar M.Ing (Siviel) [Cum Laude] aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf en werk nou by die WesKaap Departement van Vervoer.

Martinique du Toit [2009] het verskeie konserte saam met Shawn Phillips (Amerikaanse folk-rock musikant) gehou en groot lof vir haar optredes ontvang.

Ons is dankbaar vir die werk van **Veronique Collins**, Senior Brandbestryder, en haar kollegas, wat in die hittige somermaande die brande in en om Stellenbosch moet bestry.

Lynette Chrystal Kenned [2002–2004] played the musical lead role in the five star local musical, *Orpheus in Africa.* In March she received the Best Actress Award in a musical at the Cape Town Fleur de Cap Awards for her role of Maria in *The Sound of Music*.

Die groep, *Sterling EQ,* bestaan sedert 2008 en het die wêreld van klassieke musiek op tradisionele instrumente op sy kop gedraai. Hulle viool, tjello en dwarsfluit is elektries bedraad en met hulle musiek het hulle al voor groot gehore opgetree. **Luca Hart** [2009] is lid van die trio en hulle het al etlike toekennings ontvang. In 2011 het hulle 'n *Samma* vir die beste DVD, *Sterling EQ in Concert,* en in 2013 beide 'n *Ghoema* en *Huisgenoot Tempo*-prys ontvang. Hulle het al drie albums gemaak.

Natasha Hess [2010] het in Januarie in David Kramer se *Orpheus in Africa* in die Fugard Teater verskyn. Sy word ook deur David Kramer gekies om deel te wees van *Distrik Ses Kanala* in Februarie.

Monique Lyners [2011] received a BEng Degree at the University of Stellenbosch and works at *Neil Lyners and Associates*.

Beware of **Kina Petersen** [2011], who was named the Senior Sportswoman of the Year at Paarl's Cape Winelands Sport Function for Kickboxing!

Bianca Schwerin [2011] obtained a BA in Creative Brand Communications and works for one of the biggest advertising agencies, *Saatchi* and *Saatchi.*

Chloe Harrison [2011] graduated at Rhodes University. She obtained the Bachelor of Social Science and a Postgraduate Certificate in Educ (IP)

Mia van der Merwe [2012] featured in *My Wedding Day,* bridal magazine's latest edition after interning with them.

May Emily Windsor [2014] is performing in her first production in Hampton [West London] in *Billy*. She has completed her first year studying Drama and Performance at Roehampton University.

Engela de Villiers [2014] is lid van die Koor van die Universiteit van Stellenbosch, wat die Internasionale Koorkompetisie in Sochi in Rusland gewen het.

Sigi Burger en **Mandolene Hermanus** [2014] was lede van die Pukke-netbalspan wat die Varsity Beker op Coetzenburg gewen het nadat hulle Maties se span pak gegee het. Sigi is lid van die SA Universiteitspan wat vanjaar as die Wêreld Universiteitskampioene gekroon is. Sy is nou ook lid van die SA Proteaspan. Mandolene is ook 'n student aan die Pukke en lid van hul Eerste Netbalspan en die Wes-Transvaal se Seniorspan.

Gezelle Magerman [2015], wat verlede jaar by die Jeug Wêreldkampioenskappe die 400m Hekkies gewen het, was vanjaar derde in die 400m Hekkies by die Seniorbyeenkoms op Coetzenburg, terwyl **Melissa Swanepoel** [Hewitt 2009] vierde was in die 100m.

Mart-Mari Serfontein [2015] is tans 'n uitruilstudent van die Rotariërs en is glo 'n baie goeie ambassadeur vir ons land in Spanje. Olé!

Marguerite van Eeden [2015 Hoofmeisie] gaan die rol van die ouer *Vaselinetjie* vertolk in die rolprent met dieselfde naam. Die regisseur van die rolprent, Corné van Rooyen, en sy vrou René [Spies 2002], het saam die draaiboek geskryf. Die rolprent, wat volgende jaar uitgereik word, is gebaseer op Anoeschka van Melck se gelyknamige boek en handel oor kinders in Suid-Afrika en die wêreld en omstandighede waarin hulle grootword. Sowaar 'n wonderlike geleentheid vir Marguerite wat verlede jaar nog op die skoolbanke gesit het.

Julle kan jul nuus, plus jou matriekjaar, direk aan my stuur by johannaheyd@telkomsa.net

Johanna Heydenrych [1972 -2001]